| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk soos vervat in die KABV-dokument.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE1970's: DIE VSA BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. ***AFDELING A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. ***AFDELING B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

4. Beantwoord ***DRIE*** vrae soos volg:

   4.1 Ten minste ***EEN*** vraag moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** vraag moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die ***DERDE*** vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook geassesseer wanneer vrae beantwoord word.

6. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.*

### VRAAG 1: HOE HET OOS- EN WES-BERLYNE IN 1961 OP DIE KONSTRUKSIE VAN DIE BERLYNSE MUUR GEREAGEER?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wat was die hoofstad van Wes-Duitsland, volgens die bron? (1x1)(1)

1.1.2 Noem VIER gebeurtenisse, volgens die inligting in die bron, wat Oos-Duitsland as dade van aggressie deur Wes-Duitsland beskou het. (4x1)(4)

1.1.3 Identifiseer die TWEE militêre alliansies wat in die bron genoem word. (2x1)(2)

1.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Oos-Duitse regering geglo het dat dit nodig was om die Berlynse Muur te bou in 1961. (2x2)(4)

1.1.5 Lewer kommentaar of jy die inligting in die bron as betroubaar sal beskou in die konteks van die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) se besluit om die Berlynse muur te bou. (2x2)(4)

**(15)**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens die bron, het die algehele bevolking van Oos-Duitsland tussen 1949 en 1961 afgeneem? (1x1)(1)

1.2.2 Definieer die term *kommunisme* in jou eie woorde. (1x2)(2)

1.2.3 Verduidelik waarom die Sowjet-onderpremier verklaar het dat die situasie in Oos-Duitsland ’n “krisis vir kommunisme” was. (2x2)(4)

1.2.4 Lewer kommentaar op president Kennedy se stelling, “maar ’n muur is baie beter as ’n oorlog”, in die konteks van die konstruksie van die Berlynse Muur in 1961.

Skryf TWEE bondige punte. (2x2)(4)

**(11)**

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Beskryf die atmosfeer in Wes-Berlyn voor die muur gebou is. (2x1)(2)

1.3.2 Wat is geïmpliseer deur die stelling: "Oos-Duitsers het geweet hulle moet vinnig optree as hulle wil uitkom."? (1x2)(2)

1.3.3 Haal DRIE maniere aan, uit die bron, waarop Oos-Berlyners gepoog het om te ontsnap nadat die Sowjet-regering die Berlynse Muur gebou het. (3x1)(3)

1.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Peter Fechter gelos is om te sterf nadat hy deur die Oos-Duitse grenswagte geskiet is terwyl hy oor die Berlynse Muur probeer klim het. (2x2)(4)

1.3.5 Wat was Peter Fechter se beroep? (1x1)(1)

**(12)**

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 a) Identifiseer die Sowjet-leier wat in die bron uitgebeeld word.

b) Wanneer is die Berlynse Muur opgerig? (2x1)(2)

1.4.2 Verduidelik waarom jy die spotprenttekenaar se uitbeelding van gebeure in die bron as bevooroordeeld sou beskou. Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade uit die bron. (2x1)(2)

**(4)**

1.5 Gebruik die inligting uit die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van tussen tien en vyftien reëls waarin jy verduidelik hoe die Oos- en Wes-Berlyners op die konstruksie van die Berlynse Muur in 1961 gereageer het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE ANGOLESE BURGEROORLOG IN 'N GEVOLMAGTIGDE ("PROXY") KOUE OORLOG ONTWIKKEL TUSSEN 1975 EN 1976?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, was bevrydingsbewegings sonder gesofistikeerde gevegsmasjiene tydens die burgeroorlog in Angola? Noem TWEE redes. (2x1)(2)

2.1.2 Definieer die volgende terme, in die konteks van die Angolese Burgeroorlog.

a) *Anti-koloniale oorlog* (1x2)(2)

b) *Wapenwedloop* (1x2)(2)

2.1.3 Volgens die bron, wie was die MPLA se interne teenstanders? (2x1)(2)

2.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die VSA by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (2x2)(4)

2.1.5 Verduidelik waarom Bron 2A as baie nuttig beskou kan word vir 'n historikus wat bestudeer hoe die Angolese Burgeroorlog vanaf 1975 tot 1976 'n Gevolmagtigde Koue Oorlog geword het. Motiveer jou antwoord met voorbeelde uit die bron. (1x2)(2)

**(14)**

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Volgens Kissinger, hoekom wou hy hê die VSA moes by die Angolese Burgeroorlog betrokke raak? Verskaf TWEE redes uit die bron. (2x1)(2)

2.2.2 Volgens die bron, hoe het president Ford op Kissinger se voorstel gereageer? (1x2)(2)

2.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die frase "wat ons in Viëtnam gedoen het" met verwysing na hoe die VSA in die Angolese Burgeroorlog ingegryp het. (1x2)(2)

2.2.4 Wie was die VSA se Minister van Buitelandse Sake in 1975? (1x2)(2)

2.2.5 In watter Britse koerant het hierdie spotprent verskyn? (1x2)(2)

**(10)**

© SACAI KOPIEREG

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Noem VIER redes waarom Kuba in Angola ingegryp het, volgens die bron. (4x1)(4)

2.3.2 Wie was die leier van Kuba gedurende die tyd van die Angolese Burgeroorlog? (1x1)(1)

2.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om die verhouding tussen Kuba en die Sowjet-unie in Angola te verduidelik. (2x2)(4)

2.3.4 Volgens die bron, wat is die ander naam van die party in die Sowjet-unie wat vir "die bevryding van Angola" geveg het? (1x1)(1)

**(10)**

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Haal 'n sin uit die bron aan wat bewys dat Suid-Afrika deur die VSA in die Angolese Burgeroorlog ondersteun is. (1x1)(1)

2.4.2 Waarom, volgens Rhodes, was Suid-Afrika se betrokkenheid by Angola 'n "flater"? (1x2)(2)

2.4.3 Wat, volgens BJ Vorster, was Kuba se doel daarmee om duisende van sy magte na Angola te stuur? (1x1)(1)

**(4)**

2.5 Verduidelik hoe die inligting in Bronne 2C en 2D verskil ten opsigte van die betrokkenheid van beide Castro en BJ Vorster by die Angolese Burgeroorlog. (2x2)(4)

**(4)**

2.6 Gebruik die inligting uit die bronne sowel as jou eie kennis om 'n paragraaf van tien tot vyftien reëls te skryf wat verduidelik hoe die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 'n Gevolmagtigde Koue Oorlog geword het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 3: HOE HET MARTIN LUTHER KING JR SE BURGERLIKE ONGEHOORSAAMHEID IN DIE 1960's DIE WEG VIR DESEGREGASIE IN DIE VSA GEBAAN?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Hoekom dink jy is daar na die Afro-Amerikaanse studente wat by Central High ingeskryf het as die Little Rock Nine verwys? (2x1)(2)

3.1.2 Haal bewyse uit die bron aan om aan te toon dat die Little Rock Nine aan rassehaat onderwerp is. (3x1)(3)

3.1.3 Hoe het die wit heerssugtiges gereageer op skooldesegregasie, volgens die bron? (2x1)(2)

3.1.4 Hoe sou jy Goewerneur Faubus se houding teenoor rasse-integrasie in skole beskryf?
Gebruik die bron en jou eie kennis om die vraag te beantwoord. (1x2)(2)

3.1.5 Verwys na die bron en jou eie kennis.
Hoekom, dink jy, het die Little Rock Nine aangehou om Central High by te woon ondanks die vernedering wat gely is? (2x2)(4)

**(13)**

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Noem DRIE eise wat deur die Afro-Amerikaners in die bron uitgelig is. (3x1)(3)

3.2.2 Verduidelik of 'n historikus wat die vorme van verset tydens die burgerlike samelewingsbetogings in die VSA navors, hierdie bron nuttig sal vind. (2x2)(4)

3.2.3 Wanneer, volgens die bron, het die Washington-optog plaasgevind? (1x2)(2)

**(9)**

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Hoekom het Martin Luther King Jr gesê: "Ons is nie op ons knieë en smeek vir die stembrief nie, ons eis die stembrief."? (1x2)(2)

3.3.2 Wat het volgens die bron gelei tot die aanneming van die Stemregwet van 1965? (1x1)(1)

3.3.3 Volgens die bron, hoe is die Afro-Amerikaners stemreg geweier? (1x1)(1)

3.3.4 Wie het die Selma na Montgomery-opmars gelei wat in 'n "Bloedige Sondag" geëindig het? (2x1)(2)

3.3.5 Verduidelik kortliks waarom C. Stone na die 7de Maart verwys het as "Bloedige Sondag".
Skryf TWEE feite neer. (2x2)(4)

3.3.6 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, waarom was King Jr se burgerlike ongehoorsaamheidstrategie meer aantreklik vir die meeste van die Amerikaanse mense? (2x2)(4)

**(14)**

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Gee TWEE redes, soos in die bron vermeld, waarom die optog van 7 Maart 1965 gereël is. (2x1)(2)

3.4.2 Verduidelik die term *betogers* in die konteks van die Selma na Montgomery-optog in 1965. (1x2)(2)

3.4.3 Gebruik bewyse in die bron om te wys dat baie betogers ernstige beserings opgedoen het en in die hospitaal beland het. (2x1)(2)

**(6)**

3.5 Deur die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n paragraaf van tien tot vyftien reëls en bespreek krities hoe Martin Luther King Jr se burgerlike ongehoorsaamheid die weg gebaan het tot desegregasie in die VSA in die 1960's. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B: OPSTELLE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.*

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Noord-Viëtnamese en die National Liberation Front (Viët Cong) het geveg om hul land van die VSA se inmenging te bevry. Dit was waarskynlik die hoofrede waarom die VSA nie daarin geslaag het om hulle te verslaan nie.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die Viëtnamese Oorlog tussen 1963 en 1975. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko se beleid het voorspoed en stabiliteit in die Kongo bewerkstellig nadat hy in 1965 onafhanklikheid verkry het.

Evalueer die stelling met voorbeelde van wat in die Kongo onder Mobutu se bewind gebeur het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Die Black Panther Party (BPP) was nie alleen verantwoordelik vir die ontstaan van die Swartmagbeweging ("Black Power Movement") in die VSA gedurende die 1960's nie.

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |

**ADDENDUM**

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## AFDELING A

### VRAAG 1: HOE HET DIE OOS- EN WES-BERLYNERS IN 1961 OP DIE KONSTRUKSIE VAN DIE BERLYNSE MUUR GEREAGEER?

**BRON 1A**

Die volgende bron, getiteld '*What you should know about the Wall'* en vrylik na Afrikaans vertaal is, is geneem uit 'n brosjure, *Duitse Propaganda* wat in 1962 gepubliseer is. Dit is deur die Oos-Duitse regering bekendgestel en gee die redes vir die bou van die Berlynse Muur. Dit was in Engels gepubliseer en was bedoel vir buitelandse verspreiding.

"Die Muur" was die resultaat van jarelange verwikkelinge in Wes-Duitsland en Wes-Berlyn. Kom ons dink aan vorige gebeure: In 1948 is 'n afsonderlike geldeenheidhervorming in Wes-Duitsland en Wes-Berlyn ingestel. Die Wes-Duitse reaksionêres (verkramptes) verdeel daardeur Duitsland en selfs Berlyn in twee geldeenheidsgebiede.

Die Wes-Duitse separatistestaat is in 1949 gestig, Bonn het daardeur die sonegrens (met betrekking tot 'n sone) in 'n staatsgrens verander.

In 1954 is Wes-Duitsland in NAVO (die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie) ingesluit.

Die besluit oor die atoombewapening van die Wes-Duitse Bundeswehr (Duitse leër) is in 1958 geneem, Bonn het voortgegaan om die situasie in Duitsland en Berlyn te vererger.

Ons het meer as honderd voorstelle ingedien vir 'n begrip oor die afstanddoening (opgee) van atoombewapening en oor die onttrekking van die twee Duitse state aan NAVO en die Warskou-verdrag. As dinge volgens ons voorstelle verloop het, sou die situasie in Duitsland nie vererger (erger maak) gewees het nie en gevolglik sou daar geen muur gewees het nie ...

Ons wou nie meer passief bystaan nie en sien hoe dokters, ingenieurs en geskoolde werkers uitgelok (aangemoedig) word … om hul veilige bestaan in die DDR (Duitse Demokratiese Republiek) op te gee om in Wes-Duitsland of Wes-Berlyn te werk nie. Hierdie en ander manipulasies kos die DDR jaarlikse verliese van 3,5 miljard Mark.

Maar ons het iets veel belangriker met die muur verhoed: Wes-Berlyn is besig om die beginpunt vir militêre konflik te word.

*[Bron aangepas vanuit:* https://research.calvin.edu/german-propaganda-archive/schlugs13.html. *Toegang verkry op 28 Januarie 2024]*

© SACAI KOPIEREG

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel is geneem uit JL Gaddis se boek *We Now Know: Rethinking Cold War History,* 1997 en is vrylik na Afrikaans vertaal. Dit skets die redes vir die konstruksie van die Berlynse Muur in 1961 en die reaksie van beide Nikita Khrushchev en John F. Kennedy.

Teen 1961 het sowat 2,7 miljoen Oos-Duitsers deur die oop grens na Wes-Berlyn en daarna na Wes-Duitsland gevlug. Die algehele bevolking van die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het sedert 1949 afgeneem, van 19 miljoen tot 17 miljoen.

Dit was ’n groot krisis vir kommunisme, soos die Sowjet-onderpremier, Anastas Mikoyan, die Oos-Duitsers in Julie 1961 gewaarsku het, ‘... As sosialisme nie wen in die DDR nie, as kommunisme sigself nie as meerderwaardig en lewensbelangrik hier bewys nie, dan het ons nie gewen nie. Die kwessie is só fundamenteel vir ons ...’

Khrushchev (die Sowjet-leier) het erken dat ‘meer as 300 000 mense, in werklikheid die beste en mees gekwalifiseerde mense van die DDR, die land verlaat het ... Die Oos-Duitse ekonomie sou in duie gestort het as ons nie gou iets teen die massa-uitvlug gedoen het nie … Dus, die Berlynse Muur was die enigste oorblywende opsie.’

Dit het in die nag van 12 tot 13 Augustus 1961 ’n aanvang geneem. Eers as ’n lemmetjiesdraadversperring, maar toe as ’n betonblokmuur sowat twaalf voet (3,65 meter) hoog en honderd myl (160 km) lank, bewaak deur wagtorings, mynvelde, paalhonde en bevele om enigiemand wat dit probeer oorsteek te “skiet om dood te maak”. Khrushchev se besluit het wel die situasie gestabiliseer wat die Koue Oorlog-supermoondhedeverhouding betref het. Met Wes-Berlyn geïsoleer van Oos-Berlyn en Oos-Duitsland, het hy geen behoefte gehad om die Westerse moondhede uit die stad te probeer dwing nie ...

“Dit is nie ’n baie goeie oplossing nie,” het Kennedy (president van die VSA) erken, “maar ’n muur is baie beter as ’n oorlog.” Die President kon egter nie weerstaan om op te merk, toe hy self die Berlynse Muur in Junie 1963 besoek het, dat “ons (die VSA) nooit ’n muur moes oprig om ons mense binne te hou, om te verhoed dat hulle ons verlaat nie”.

*[Bron aangepas vanuit: We now Know: Rethinking Cold War History* deur *JL Gaddis, Oxford University Press, 1997. Toegang verkry op 15 Januarie 2024]*

**BRON 1C**

Die volgende uittreksel, vrylik na Afrikaans vertaal, fokus op die gebeure in Berlyn ná 13 Augustus 1961, die dag toe die Oos-Duitse regering begin het om die Berlynse Muur te bou. Dit is ’n ooggetuieverslag deur John Wilkes, ’n 19-jarige dienspligtige in die Amerikaanse lugmag wat gedurende 1961 in Berlyn gestasioneer was.

‘Die atmosfeer in Wes-Berlyn was tot op hierdie noodlottige dag positief, selfs sorgvry, ten spyte van die feit dat Berlyn ver binne Oos-Duitsland geleë was en omring was deur Oos-Duitse en Sowjet-leërbarakke en -vliegvelde ...’


Deels as gevolg van hierdie opgewekte atmosfeer en deels as gevolg van my jeugdige naïwiteit (onskuld), kon ek nie glo dat die Oos-Duitse grenswagte werklik burgers sou skiet as hulle probeer om uit Oos-Berlyn te ontsnap terwyl die Berlynse Muur in aanbou was nie. Vir ’n paar dae ná 13 Augustus het hulle dit nie gedoen nie. Maar Oos-Duitsers het geweet hulle moet vinnig optree as hulle wil ontsnap. Die eerste wat oor die lemmetjiesdraad gespring het, op 22 Augustus, was ’n offisier in die Oos-Duitse weermag. Byna onmiddellik het Oos-Berlyners wat Wes-Berlyn probeer bereik het, uit woonstelvensters op die boonste verdieping gespring en oor riviere en mere in die stad geswem. Die eerste Oos-Berlyner wat deur ’n grenswag doodgeskiet is, was ’n man wat op 24 Augustus deur ’n kanaal in die middestad geswem het, 11 dae nadat die (Berlynse) Muur begin is.

Ná dié voorval het skietery algemeen geword. Die moord wat die meeste publisiteit ontvang het is, was dié van Peter Fechter, ’n 18-jarige Oos-Duitse messelaar. Hy is op die 17de Augustus geskiet net toe hy oor die tweede muur geklim het en op die punt was om veiligheid te bereik. ’n Skare het vinnig aan beide kante van die muur saamgedrom. Swaar gewond, het Fechter teruggeval in niemandsland (’n oop stuk grond waar Oos-Duitse grenswagte gepatrolleer het). Omdat hulle bekommerd was dat ’n skietoorlog kon losbars, het die Oos-Duitse grenswagte en die soldate van die Verenigde State wat by die toneel aangekom het, getwyfel (huiwer). Niemand het gepoog om Fechter, wat gelê en kreun het en vir water gepleit het, te help nie. Hy het binne ’n uur voor honderde mense aan beide kante van die muur doodgebloei.

*[Bron aangepas vanuit:* http//www.santacruzsentinel.com/ci 18674221. *Toegang verkry op 29 Januarie 2024]*

## BRON 1D

Hierdie spotprent is geteken deur die Amerikaanse spotprenttekenaar Don Wright. Dit wys hoe die Sowjet-leier, Khrushchev, bo-op die Berlynse Muur staan met sy hande wat oor die lemmetjiesdraad en dooie liggame uitreik en beweer: **"Kyk hoe baie bly aan ons kant"**




*[Bron Aangepas vanuit: The Cold War: Opposing Viewpoints* deur *W Dudley (ed.) sheets.pdf]. Toegang verkry op 23 Januarie 2024]*

**BERLYN MUUR OPGERIG 13 AUG, 1961**

**Khrushchev**

**"Kyk hoe baie bly aan ons kant"**

## VRAAG 2: HOE HET DIE ANGOLESE BURGEROORLOG ONTWIKKEL IN ’N GEVOLMAGTIGDE (“PROXY”) OORLOG VANAF 1975 TOT 1976?

### BRON 2A

Die volgende bron ten opsigte van die Angolese vredesamesprekings is geskryf deur ’n VN-konsultant, Fernando A Guimaraes, en vrylik in Afrikaans vertaal. Dit fokus op hoe verskillende bevrydingsbewegings in Angola deur die buiteland ondersteun is, wat die Angolese Burgeroorlog in ’n volmag/gevolmagtigde (“proxy”) oorlog verander het.

Toe die einde van die anti-koloniale oorlog aangebreek het, het die MPLA, die FNLA en UNITA nie gesofistikeerde vegmasjiene gehad nie. Soos hulle in die laaste helfte van 1974 uit ballingskap en die binneland (omringende gebiede) te voorskyn gekom het, was hulle ’n bietjie meer as ’n versameling klein guerrilla-eenhede wat skaars hul kamerade gesien het, wat nog te sê saam met hulle geveg het. ... skaars ’n jaar later, egter, was kolomme gemotoriseerde gepantserde vragdraers, groot mortiere (bomme), vuurpyllanseerders, tenks en straalvegters almal in aksie toe die MPLA die gekombineerde magte van die FNLA en UNITA in ’n kort maar heftige oorlog om mag in Angola in die gesig gestaar het. In daardie kort tydjie het ’n vinnige wapenwedloop die mededingers geneem van anti-koloniale bewegings tot burgeroorlog-opponente (vyande). Buitelandse ingryping in die Angolese Burgeroorlog is onthul as die oorsaak van daardie wapenwedloop.

Die mag van die FNLA is verder versterk toe die VSA in Januarie 1975 met ’n koverte (geheime) ondersteuningsprogram begin het. Vroeër in 1974 het die Setrale Intelligensie Agentskap (CIA) in die geheim betalings aan die FNLA begin maak en gevoel het dat daardie beweging die beste is om die belange van die VSA in Angola te verteenwoordig … ’n CIA-voorstel om 300 000 Amerikaanse dollars te skenk (gee) … is goedgekeur deur die Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger …

Teen Maart 1975 het die MPLA groot wapenbesendings van die Sowjet-unie begin ontvang. Volgens amptelike Amerikaanse skattings het daar tussen April en Oktober 1975 27 skeepsvragte opgedaag, en 30 tot 40 lugsendings is ingevlieg om oorlogstoerusting af te lewer ...


Volgens een bron wat Luanda Radio aanhaal, het die eerste Kubaanse militêre adviseurs in Angola begin aankom omstreeks 7 Mei 1975. Die primêre taak van hierdie kontingent (groep) was om opleidingskampe vir die MPLA se militêre arm FAPLA op te rig en te bestuur.

Die ingryping van Suid-Afrika was ’n nuwe fase in die eskalasie van die konflik ... Beide UNITA en die FNLA het kontak met Pretoria bewerkstellig, en Suid-Afrika het wapens verskaf aan die tot dusver (voorheen) swak gewapende UNITA. Teen einde Augustus (1975) het Suid-Afrika opleidingskampe vir beide bewegings opgestel.

*[Bron aangepas vanuit: The origin of the Angolan Civil War* deur *FA Guimaraes/university-of-london-1992. Toegang verkry op 20 Januarie 2024]*

**BRON 2B**

Die spotprent hieronder beeld die VSA se Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger uit wat aan die VSA-president, Gerald Ford, verduidelik hoekom hy wou hê dat die land by die Angolese Burgeroorlog betrokke moet raak. Dit het op 31 Desember 1975 in 'n Britse koerant, *The Daily Mail*, verskyn. Die woorde uit die bron is vertaal na Afrikaans vir duidelikheid.




*[Bron aangepas vanuit:* http://www.cartoons.ac.uk/browse/cartoon_item/anytext=angola%20war?page=4. *Toegang verkry op 10 Februarie 2024.]*

**BRON 2C**

Hierdie is ’n uittreksel uit ’n onderhoud met Fidel Castro wat deur ’n Sweedse filmspan onderneem is. Dit skets die redes waarom Kuba in Angola ingegryp het. Die onderhoud is op 23 Julie 1977 in Havana, Kuba gevoer.

“Toe Suid-Afrikaanse normale troepe Angola op 23 Oktober (1975) binnegeval het, kon ons nie met ons arms gevou sit nie. En toe die MPLA ons bystand versoek het, het ons die nodige bystand gebied om te keer dat mense wat vir byna 14 jaar vir hul onafhanklikheid baklei het, verpletter word; om die sluipmoord op tientalle en duisende revolusionêre te voorkom, om te verhoed dat apartheid in Angola geïnstalleer (ingestel) word, die CIA om homself in Angola te installeer, en dat neokolonialisme en imperialisme in Angola geïnstalleer word. Dit was ons fundamentele (basiese) plig, ons revolusionêre plig en ons internasionale plig om ten alle koste ons ondersteuning aan die MPLA te bied. Daar is ’n rede vir ons land om spyt te wees oor daardie opoffering en daardie poging.

Kyk, ek kan jou van een ding verseker, gegewe die tipe verhouding wat tussen die Sowjet-unie en Kuba bestaan en gegewe die beleid wat deur die Sowjet-unie beoefen word, sou die Sowjet-regering en die Sowjet Party nie vir Kuba gevra het om ’n enkele man na Angola te stuur nie.

’n Besluit van daardie aard kon net deur ons party en ons regering geneem geword het. Diegene wat so iets kan beweer, ken nie Kuba nie, ken nie die Sowjet-unie nie, en ken nie die verhouding wat tussen die Sowjet-unie en Kuba bestaan nie.

… die plig van die revolusionêre mense van die wêreld is om lande te help wat vir hul bevryding baklei. In hierdie opsig sal ons ons internasionale plig teenoor die mense van Afrika nakom.”

*[Bron aangepas vanuit: http://lanic.utexas.edu/project/castro/db/1977/19770723.html.] Toegang verkry op 31 Januarie 2024.]*

**BRON 2D**

Dit is deel van ’n onderhoud wat met die voormalige Suid-Afrikaanse Eerste Minister, B.J. Vorster, gevoer is deur Clarence Rhodes van UPTIN-TV (United Press International Television News) op 13 Februarie 1976, en is vrylik na Afrikaans vertaal. Rhodes het Vorster uitgevra oor die Suid-Afrikaanse Weermag se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog.

**Rhodes:** Hierdie Angolese episode word in sommige kringe as ’n flater (fout) van Suid-Afrika se kant gesien: dat jy daarby betrokke geraak het, dat jy moes onttrek om jou doelwitte te bereik, is dit die geval?

**Eerste Minister:** Wanneer jy hierdie bewering (aantyging) maak neem ek aan wat jy in jou gedagtes het, is dat ons betrokke is by die burgeroorlog in Angola. Ek het dit baie duidelik gemaak toe ek in die parlement gepraat het dat ons nooit as sodanig by die burgeroorlog betrokke was nie …

**Rhodes**: As jy sê dat Suid-Afrika nie betrokke was by die burgeroorlog in Angola nie, wat groot Kubaanse steun het – sal jy omgee om dit te versterk (verduidelik), meneer?

**Eerste Minister**: Suid-Afrikaanse betrokkenheid in Angola het ontstaan soos ek aan jou probeer verduidelik het, want hulle het die Caluequedam-terrein beset … hierdie dam is hoegenaamd tot geen voordeel vir Suid-Afrika nie; die dam voorsien water aan die Ovambo-mense … Ek wil dit heeltemal duidelik maak dat Suid-Afrika se betrokkenheid as gevolg van Russiese en Kubaanse ingryping was en nie die oorsaak van Russiese en Kubaanse ingryping nie – dit is duidelik gemaak deur dr. Kissinger en sy assistent-Minister van Buitelandse Sake.

**Rhodes**: … Hoe ernstig neem jy hierdie uitbreiding van die kommunistiese invloed in Afrika op?

**Eerste Minister**: … Jy het ’n Kubaanse mag van duisende – geskat op hierdie stadium tussen tien en dertien duisend – wat aan ’n burgeroorlog in Suider-Afrika deelneem, en as dit die einde daarvan was, kon ’n mens jou skouers opgetrek (beweeg) het en gesê het, goed, hulle sal môre teruggaan. Maar as jy die kommuniste ken, die Kubane ken, is daar niemand wat op hierdie stadium vir jou kan sê dat hulle huis toe gaan, as hulle eers MPLA in die saal (aan bewind) gesit het nie. Ek dink dit moet aanvaar word dat hulle hier is om te bly, en ek dink dit moet aanvaar word dat net soveel as wat hulle ondermyn het (die heersers ondermyn) of ten minste, soveel as wat hulle probeer om Angola te ondermyn, sal hulle probeer om Suider-Afrikaanse lande te ondermyn. Want maak geen fout daaroor nie … wêreldoorheersing was nog altyd en is tot vandag toe nog die doel van die kommuniste.

*[Bron aangepas vanuit:* http//www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-b-j-vorster-mr-clarance-rhodes-upitn-tv-13-february. *Toegang verkry op 31 Januarie 2024]*

## VRAAG 3: HOE HET MARTIN LUTHER KING JR SE BURGERLIKE ONGEHOORSAAMHEID IN DIE 1960'S DIE WEG VIR DESEGREGASIE IN DIE VSA GEBAAN?

### BRON 3A

Hierdie uittreksel is verwerk uit *Geskiedenis Graad 12,* Via Afrika 2013 deur S Grove. Dit beklemtoon die uitdagings wat Afro-Amerikaners in die gesig gestaar het tydens die desegregasie van skole in Little Rock, Arkansas.

Gedurende 1949 en 1950 het die regspan wat deur Thurgood Marshall en professor Charles Houston saamgestel is, regsoorwinnings in hoër onderwys behaal. In 'n mylpaalbesluit in Mei 1954 het die Hooggeregshof beslis dat rassesegregasie in skole ongrondwetlik is.

… Teen die somer van 1957 het die skoolbeampte 17 Afro-Amerikaanse studente gekies om by Central High ingeskryf te word. Sommige ouers van die 17 studente het hul kinders onttrek uit vrees vir hul veiligheid. Aan die begin van die nuwe skooljaar het nege Afro-Amerikaanse studente vir Central High ingeskryf. Hulle het bekend geword as die Little Rock Nine.

Die dag voordat die nege studente Central High sou binnegaan, het goewerneur Faubus die Nasionale Wag ingeroep om die skool te omsingel. Die rede wat hy op televisie gegee het, was dat hy gehoor het dat wit heerssugtiges van plan was om by Central High bymekaar te kom, en as die Afro-Amerikaners probeer om die skool binne te gaan, sal "bloed in die strate vloei" ...

… Vir die volgende 17 dae het die Arkansas Nasionale Wag die Little Rock Nine verhinder om Central High binne te gaan … Op Maandag, 23 September het plaaslike polisiebeamptes houtversperrings rondom Central High geplaas terwyl meer as 'n duisend wit mans en vroue voor die skoolgebou saamgedrom het. Om die gepeupel te vermy, het die studente deur 'n sydeur ingegaan uit vrees vir eskalerende bendegeweld, maar die studente is kort daarna huis toe gehaas.

… Regdeur daardie skooljaar is die Little Rock Nine steeds aan rassistiese vyandigheid onderwerp. Wit studente het hulle in die sale beledigend verskree en tydens die klas beledig. Hulle het die Nege geslaan, veral die seuns – hulle het op hul hakke geloop totdat hulle gebloei het. Hulle sluitkaste is vernietig, en hulle het vlammende papierpluise (opgefrommelde papier) na hulle in die badkamers gegooi.

Die Nege het hul bes gedoen om nie te vergeld nie (terug te baklei), behalwe vir Minnijean Brown wat haar geduld verloor het en geskors is.

Goewerneur Faubus, met meerderheidsteun van die wit gemeenskap, het al vier Little Rock se openbare hoërskole gesluit, eerder as om voort te gaan met desegregasie.

In Junie 1959 het die Hooggeregshof beslis dat die skoolraad die skole moet heropen en die proses van desegregasie moet hervat.

*[Bron aangepas vanuit: Via Afrika History Grade 12* deur *S Grove. Toegang verkry op 10 Febuarie 2024]*

**BRON 3B**

Hierdie foto wat op 28 Augustus 1963 geneem is, wys die burgerregtebetogers in die VSA in die 1960's. Hulle het geprotesteer teen onregverdige wette wat op Afro-Amerikaners in verskillende state in die VSA afgedwing is. Die optog was in Washington DC vir werk en vryheid.




*[Bron aangepas vanuit* http://hub.jhu.edu/2013/08/26/march-on-washington-economic-justice. *Toegang verkry op 24 Maart 2024]*

**ONS EIS GELYKE REGTE NOU!**

**ONS EIS 'N EINDE AAN VOOR-OORDEEL NOU!**

**ONS EIS BEHOORLIKE BEHUISING NOU!**

**ONS MARSJEER NOU VIR GEÏNTEGREERDE SKOLE!**

**BRON 3C**

Die uittreksel hieronder is uit ’n artikel in *History of National Geographic,* Februarie 2016 deur EC Stone. Dit beklemtoon hoe die optogte van Selma na Montgomery uiteindelik geëindig het met die aanneming van die Wet op Stemregte van 1965.

Vyf-en-dertig jaar gelede het burgerregte-aktiviste van Selma na Montgomery opgeruk in ’n protes wat gelei het tot die aanneming van die Wet op Stemregte in 1965. Selma was destyds ’n klein suidelike dorpie van 28 000 mense met gesegregeerde skole, behuising, werk, teaters en swembaddens. Soos miljoene Afro-Amerikaners, is diegene in Selma die reg om te stem ontsê deur peilingstoetse, geletterdheidstoetse en ander intimidasietaktieke.

…Die Kiesersliga het ’n beroep op Martin Luther King Jr gedoen om sy charismatiese aanslag, (bekoorlike persoonlikheid) te gebruik. In Januarie 1965 het King ’n reeks betogings in Alabama geloods. “Ons moet bereid wees om in ons duisende tronk toe te gaan” ... “Ons is nie op ons knieë en smeek vir die stembrief nie, ons eis die stembrief ...”

… Op Sondag 7 Maart het honderde betogers onder leiding van John Lewis en Hosea Williams van die SCLC (Southern Christian Leadership Conference) op ’n 54-myl (86 kilometer) lange trek vertrek. By die Edmund Pettus-brug het hulle die Alabama *State Troopers* (staatsoldate), gestuur deur goewerneur George Wallace saam met balju Jim Clark en sy “posse” (groep), gekonfronteer. Hulle is opdrag gegee om uitmekaar te gaan (op te breek), maar die optoggangers het vasgestaan.

… Clark se mans, sommige te perd, het ingestorm. ’n Chaotiese slanery met traangas en aanranding het verskeie betogers bewusteloos gelaat … Televisiebeelde van swaaiende knuppels het in woonkamers regoor die land ingestroom. Amerikaners was geskok. Ironies genoeg het ’n nie-gewelddadige optog gewelddadig geëindig in “Bloedige Sondag”.

... Momentum het begin bou vir nog ’n optog. Op Dinsdag, 9 Maart, het Martin Luther King Jr 2 000 mense oor die Pettus-brug gelei. Weereens het staatsoldate (*State Troopers*) die pad versper. King het die optoggangers laat omdraai, en niemand is beseer nie. Die volgende week het president Lyndon Johnson op televisie ’n beroep te doen op wetgewing wat beperkings verbied wat swartes die reg ontsê (weerhou) het om te stem.

… Vir vyf dae, van 21 tot 25 Maart, was die pad van Selma na Montgomery vol optoggangers onder leiding van King, meer as 3 000 wat vanaf Selma vertrek het. Aan die einde van die optog het die skare wat King regstreeks op nasionale televisie aan die voet van die hoofstad van die staat toegespreek het, tot meer as 25 000 gegroei. Nog ’n spreker was Rosa Parks wie se weiering om haar sitplek op ’n Montgomery-bus prys te gee, gehelp het om die moderne Burgerregtebeweging aan die gang te sit, het John Lewis gesê. Daardie Augustus-kongres het die Wet op Stemregte goedgekeur.

*[Bron aangepas uit: History of National Geographic* deur *EC. Stone. Toegang verkry op 5 Februarie 2024]*

© SACAI KOPIEREG

**BRON 3D**

Die bron hieronder is geneem uit ’n koerantberig in die *New York Times* van 8 Maart 1965 – die dag ná 7 Maart 1965. Dit beklemtoon hoe die betogers deur *State Troopers* aangeval is, met die meeste van hulle wat ernstige beserings opgedoen het en in die hospitaal beland het.

Op 7 Maart 1965 het die *State Troopers* (staatsoldate) en die balju se “*posse*”(groep) in Selma, Alabama, 525 burgerregtebetogers aangeval wat aan ’n optog tussen Selma en Montgomery, die staatshoofstad, deelgeneem het. Die optog is georganiseer om swart kiesersregistrasie te bevorder en om te protesteer teen die moord op ’n jong swart man, Jimmie Lee Jackson, deur ’n State Trooper (staatsoldaat) tydens ’n kiesersregistrasieoptog op 18 Februarie in ’n nabygeleë stad.

Toe die betogers die Edmund Pettus-brug in Selma oorgesteek het, is hulle deur die polisie beveel om uiteen te gaan. Toe hulle in plek bly staan, het die *State Troopers* op hulle afgestorm.

“Die eerste 10 of 20 *Negers is al skreeuend op die grond neergevel, arms en bene het gevlieg en pakke en sakke het oor die grasbegroeide verdeelstrook op die sypaadjie aan beide kante gespaander (gevlieg).” Diegene wat nog op hul voete was, het onttrek. Die *State Troopers* het voortgegaan om vorentoe te stoot, met beide die krag van hul liggame en die ligte houe (kloppe) van hul nagstokke.

Die polisie het ook traangas op die skare afgevuur en te perd nader gestorm. Meer as 50 betogers is beseer. Daar was ’n tydelike hospitaal naby die plaaslike kerk. “*Negers het op die vloere en stoele gelê, baie huilend en kreunend. ’n Meisie in rooi slenterdrag is gillend uit die huis gedra. Amelia Boynton lê halfbewusteloos op ’n tafel. Uit die hospitaal het ’n berig gekom dat die slagoffers, benewens snye en kneusings, frakture van ribbes, koppe, arms en bene opgedoen het.”

Die dag van geweld wat as Bloedige Sondag bekend geword het, is in koerante regoor die land gedek en op nasionale nuus uitgesaai, wat baie Amerikaners ontstel het. ’n Foto van mev. Boynton wat bewusteloos op die brug lê, het die mees blywende beeld van die dag geword.

*[Bron aangepas vanuit: The New York Times, 8 Maart 1965. Toegang verkry op 30 Januarie 2024]*

*Negers: ’n Aanstootlike naam vir mense wat donker van gelaat was en deel was van ’n groep mense wat oorspronklik van Afrika afkomstig was – die woord is tydens slawerny in die VSA gebruik.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Dudly W (ed)., *The Cold War, Opposing Viewpoints*.

Gaddis JL, *We Know Now: Rethinking Cold War History*, 1997, Oxford University Press.

Grove S, *History Grade 12, Via Africa.* ISBN: 9781415441183.

Guimaraes FA, *The Origin of the Angolan Civil War*, 1992, University of London.

Stone EC, *History of National Geographic,* 2016, Grantee.

*The New York Times*, 8 March 1965.

https://reseach.calvin.edu/german-propaganda-archive/schlugs 13.htm:

https://www.santacruzsentinel.com/ci 18674221:

http//www.cartoons.ac.uk/brows-cartoon-item/anytext==angola%20war?page=4.

http://lanic.texas.edu/project/castro/db/1977/19770723.html.

https://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african-prime-minister-mr-bj-vorster-mr-clarance-rhodes-upitn-tv-13-february.

https://hub.jhu/2013/08/26/march-on-washington-economic-justice.